NG KERK WATERKLOOF

NG-KERK WATERKLOOF. H/V GIOVANETTI- & DEYSTRAAT, NIEUW MUCKLENEUK, 0181 PRETORIA. POSBUS 2492, BROOKLYN SQUARE, 0075
KERKKANTOOR TELEFOON: 012 460 3913 FAKS: 012 460 1460. E-POS: ngkwater@yebo.co.za. WEBWERF: www.waterkloofkerk.co.za

Jaarverslag 2010-2011

1. INLEIDEND: DS DANIE DU TOIT SE AFSKEIDSJAAR

Die jaar 2010-2011 was vir ons land die jaar van die Wêreldbekersokker. Daar was 'n optimisme wat vir 'n geruime tyd in ons land voelbaar was. Dit is ongelukkig aan die einde van die jaar ietwat bederf deur misdaad, problematiese landsadministrasie en 'n swak ekonomie.

Vir Waterkloof was dit die laaste jaar van Danie en Beatrix du Toit in die gemeente. Dit was ds Danie se laaste Gemeentekamp, laaste aanbieding van die Bosveldtema, laaste lentekermis, laaste grasperk-nagmaal, laaste Maropeng-uitstappie met die belydenisklas, laaste Kersdiens, laaste kerkraadsontbyt, laaste doopgeleentheid en uiteindelik 'n laaste erediens as amptelike gemeenteleraar. Ons hoop om in die toekoms besoeke van hulle uit die Paarl te ontvang wanneer hulle daarvoor gereed is.

Na 'n uitsonderlike bediening van 28 jaar en 'n verdere 2 jaar na aftrede het ds Du Toit uit die Gemeente se diens getree. Die Kerkraad het sover moontlik gepoog om die oorgang glad en maklik te laat verloop met optimum geleenthede (waaronder 'n afskeidskonsert in die Musaion) vir die lidmate om afskeid te neem.

Danie du Toit se eiesoortige wyse van bediening en sy skerp fokus op die prediking en pastorale gesprek het die oorgang enersyds vergemaklik omdat hy die genade van God en gevolglik die vryheid dat mense net hulleself kan wees deurgaans beklemtoon. Andersyds is ds Danie se styl en inkleding van so 'n unieke aard dat dit onvervangbaar is.

2. POSVERANDERINGE EN PERSONEELVULLINGE

Die finansiële verlies wat die gemeente in die vorige twee finansiële jare gehad het, die ongunstige ekonomiese klimaat, die onbepaaldheid van lidmaatgetalle en die onseker gevolge van ds Danie se weggaan het ons genoop om nie aan die beroep van 'n volgende leraar te beplan nie maar om alternatiewe te ondersoek. Dit moes meer bekostigbaar wees maar ook die nuwe werksaamhede van die gemeente so min moontlik laat skade ly.

Nuwe pos: Gemeentebestuuder

Oorweging is geskenk om die fasiliteitebestuurderspos (koster) op te gradeer na die van 'n gemeentebestuurder. Llewellyn Crewe-Brown het dit aanvanklik gunstig oorweeg, maar ter wille van sy gesinsverpligtinge, ouderdom, afstand vanaf die gemeentesentrum en instemming met die opgradering van die pos het hy besluit om aan die einde van die finansiële jaar (Feb 2011) te bedank. Na verdere besinning is besluit om die pastorale poste van ouetehuise met 'n gedeelte van die fasiliteite-bestuurder saam te voeg as gemeentebestuurder. Ons was so gelukkig om dr Willie Botha in die nuwe pos te kon aanstel vanaf 16 Maart 2011. Ds Henno Cronje wat vir 11 jaar by Huis Piek betrokke was en ook sedert ds Thys Vermeulen se afsterwe in 2010 by Princess Christian die pastoraat behartig het, het in Maart 2011 80 jaar oud geword. Sy aanstelling is nie verleng nie aangesien dr Willie Botha nou die werk doen as deel van die gemeentebestuurderspos.

Nuwe koster

Llewellyn Crewe-Brown het voorgestel dat Jabu Mtau se betroubaarheid die afgelope jare sy "bevordering" na die oop en toesluitkoster regverdig. Jabu sal kosterswerk vervul en op afnaweke sal óf Willie Botha óf André van Niekerk óf Nic Steenkamp die pos van koster vul. In die aande doen die Jeugbediener en/of André van Niekerk die kosterwerk al die afgelope 2 jaar.

Nuwe orrelis

Gerrit Olivier het in November 2010 aftreeouderdom bereik. Die Kerkraad het besluit om dit te handhaaf en ondersoek in te stel of goeie orreliste beskikbaar is of nie. Hentus van Rooyen is aangestel as musiekleier vir die gemeente.

Nuwe oggendliturg

Professor Cas Wepener, wat verlede jaar by ons gemeente ingeskakel het, is gevra om gereeld eredienste te lei. Hy is die nuwe hoogleraar in Liturgiek en Homiletiek (erediens- en preekkunde) aan die Fakulteit Teologie aan UP. Dit bring mee dat ons 'n hoogs aangeskrewe persoon het wat op hoogte is van die nuutste ontwikkelinge en dat ons verbind is aan en 'n uitdagende verantwoordelikheid het ten opsigte van die opleiding van ons kerk se leraars.

Gemeente-Sekretaresse

Renata Rossouw wat vir 11 jaar skriba en sekretaresse was, het aangesluit by Japansending en het die gemeente se diens in Augustus 2011 verlaat om na Osaka te verhuis. Sy het met talle Gemeentelede uitstekende verhoudinge opgebou en haar bydrae, kundigheid en flink intellektuele insig sal voorwaar gemis word. Die vakature is gevul deur me Estelle van der Vyver. Sy het baie ervaring aangesien sy vir 19 jaar in Presidentsoord kerkkantoor gewerk het.

Ander hulp

Ernst van Wyk is ons Jeugbediener en Harm Kelderman help by die gesindiens wanneer ds André by die gewone oggenddiens betrokke is. Ds André poog om ten minste 6 keer per maand eredienste te hou: oggenddiens ten minste twee maal per maand; gesinsdiens indien moontlik twee maal per maand en aanddiens ten minste twee tot drie maal per maand. Dit gebeur ook dat ons van ander vooraanstaande liturge gebruik maak ten einde die prediking te verbreed, soos bv James Kirkpatrick wat Pinkster 2011 aangebied het.

3. GEMEENTE-DATABASIS

Finansiële ontleding dui aan dat slegs 40% van die lede op die gemeente se databasis gereeld 'n bydrae tot gemeentefondse maak. Dis natuurlik onmoontlik om vas te stel wie bydra tot kollekte gedurende eredienste. Maar die kerk kan nie in stand gehou word alleen uit kollekte nie. Hier moet in ag geneem word dat die kerk ook sinodale verpligtinge het en ook bydraes op ander verdienstelike terreine maak.

Hierdie jarelange leemte dui op 'n ernstige versuim van die grootste aantal lidmate.

As deel van die proses om die bydraes uit 'n ingeligte hoek te begryp, is 'n proses weer eens aan die gang gesit om op verskeie maniere die kerk se lidmaat-data op te dateer. Dit het nie juis goed gevorder nie, totdat Willie Botha dit self onderneem het. Dit is nog ver van voltooid, maar genoegsaam om te kan aflei dat ons gemeente heelwat minder lidmate het as wat op die register is. Nietemin bly dit duidelik dat 'n groot aantal lidmate nie, naas kollekte, bydra tot die fondse nie.

Ons hoop dat die projek sal meebring dat ons meer gereeld en makliker met lidmate sal kan kommunikeer en dat dit saam met ander faktore sal bydra tot groter meelewing.

4. GROEIPUNT

Die Gesinsdiens in die saal waarin op voorskoolse-, laerskoolkinders en hulle ouers gefokus word, groei stadig maar seker. Daar is gewoonlik sowat 60-80 persone in hierdie erediens teenwoordig. Klaarblyklik vervul dit sommige gesinne se behoeftes, aangesien ons nuwe toegewyde gesinne hier ontvang. Ons kon ongelukkig nie slaag om 'n program saam met ander gemeentes te ontwikkel of te verkry wat kon meebring dat daar met een tema per Sondag in al die eredienste gehandel word nie. Ons het nogtans geslaag om hulpmiddels te kry waarmee ons die kinders wil leer om self hulle Bybels te gebruik. Die tandekry-probleme van hierdie eredienste, wat in hul derde jaar is en die kindergroepe wat hierby aansluit, word nou minder.

Die grootste voordeel van ons gemeentesentrum se ligging, naamlik die Anton van Wouw laerskool oorkant die straat, behoort meer benut te word. Ander geloofsgroepe het dit blykbaar ook ingesien dat die skool 'n gunstige werwingsgebied is en ten minste twee groepe se bediening is op die skool gerig. Doxa Deo hou byvoorbeeld in ons aanddienstyd nou 'n diens in die laerskoolsaal. Dit bring allerlei uitdagings, waaronder klanksteurnisse, mee. Waarskynlik wil hulle 'n nuwe gemeente hieruit ontwikkel.

5. FASILITEITEPLAN

Die sekuriteitsituasie bring mee dat ons ook soos ander gemeentes 'n persoon op die terrein moet laat inslaap ter wille van toesig, alarm maak en die begeleiding van mense wat alleen op die terrein is.

Hierdie behoefte aan die ontwikkeling van 'n blyplek vir die koster asook die besluit van die kerkraad om planne en idees vir die ontwikkeling van 'n herdenkingstuin te bekom, het die kerkraad genoop om 'n argitek te nader om

vir ons ‘n totale ontwikkelingsplan voor te lê. Ter wille van groter objektiwiteit en minder spanning is besluit om ‘n argitek buite die gemeente te nader wat soortgelyke werk al suksesvol onderneem het en ons gemeente-etos (bv nie van kerk ‘n teater te maak nie) deel. ‘n Lidmaat het die aanvanklike kostes betaal.

Die planne was so asemrowend en die besef dat ons ‘n agterstand het teenoor ander gemeentes so sterk, dat daar oorweeg word om die terrein en geboue te vernuwe mits die fondse daarvoor gevind kan word. Die oorweldigende positiewe getuienis van ander gemeentes wat sulke planne laat realiseer het, moedig die leierskorps aan om die saak te ondersoek in die hoop dat van die planne kan gerealiseer kan word.

Die gemeente is na die beplanningsfase genooi en sal in die komende jaar weer geleenthede kry om die planne te beskou en hulle mening te gee.

6. GEMEENTEKULTUUR

Die gemeente neem deel aan die projek vir Gestuurde Gemeentes wat gemeentes oor ‘n periode van 5 jaar wil help om hulle bedrywighede na buite te rig en ‘n meer missionêre kultuur aan te neem.

‘n Ondersoek met vrae is onderneem en weggestuur na Stellenbosch om deur ‘n paneel geëvalueer te word. Die tyd wat egter verloop het en die nuwe situasie waarin ons ons bevind, maak sommige bevindinge egter minder relevant.

Lidmate wat hieraan deelneem, sukkel egter om vergaderings by te woon en ons hoop dit kan beter gaan indien al die oorgangsmaatreëls en nuwe personeel gevestig is.

7. FINANSIES EN ANDER STATISTIESE GEGEWENS

Vir Periode 1 Maart 2010 – 28 Februarie 2011

Bona fide lidmate kan geouditeerde finansiële state besigtig

Aantal belydende lidmate (benaderd)	1 000
Aantal dooplidmate	156
Aantal belydenis afgelê	23
Aantal gedoop	26
Aantal eredienste gehou (In Waterkloof se Gemeentesentrum – kerk en saal)	50 + 23
Aantal eredienste elders (bv Huis Piek) gehou	56

Goedgekeur deur die kerkraad. Piet van Hoven (Voorsitter). Blignault Gouws (Ondervoorsitter)
Datum: 2011-08-14